**16 Julie** **Skrifgedeelte: Genesis 23:1-20**
**Fokusgedeelte: Genesis 23:17, 18; Hebreërs 11:13**

## Graf van hoop

Na jare van omswerwinge is Abraham se enigste besitting in die beloofde land slegs ’n graf. Dit klink droewig. Die pessimiste sal hieroor beswaard sug en daarop wys dat dit maar die beloop van die lewe is. Wat anders bly daar immers van ons oor op hierdie aarde as net ’n graf?

Vir Abraham was dit egter meer as net ’n graf. Die Hetiete nooi hom uit om Sara in hulle grondgebied te begrawe. Abraham glo egter God se belofte dat hierdie land die eiendom van sy nageslag sou word. Daarom dring hy daarop aan om die grond te koop. Dit word werklik sy eerste stuk eiendom in Kanaän. Hy sorg ook dat hy goeie grond koop – grond met bome op!

Die gelowige kyk nie pessimisties vas teen die graf nie. Ons het hoop en verwagting vir die toekoms wat God beloof het. Abraham se hoop het nie beskaam nie. Sy nageslag het uiteindelik die land in besit geneem. Ons hoop sal ook nie beskaam nie. In die verte sien ons reeds in die geloof God se eindbestemming. Christus het immers die dood oorwin en beloof dat ons weer sal opstaan uit die dood om te deel in sy ewige heerlikheid. Daarom is ook vandag se omswerwing op hierdie aarde nie leeg en doelloos nie. Ons leef elke dag voluit met die hoop en verwagting op die Here se vervulling van sy beloftes.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 5* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*